

Edward Buys*

Dit het maklik geword om jaarliks op Jeugdag en gedurende Jeugmaand na die groot aantal studente en jong Suid-Afrikaners wat op 16 Junie 1976 landwyd gemobiliseer het, te verwys. Dit het selfs nóg makliker geword om oor die honderde wat vermoor is en die duisende wat beseer is, te praat. Maar wat ons egter selde tyd op spandeer, is die “waarom” agter dit alles. Waarom was hulle verontrus, ontsteld en ongelukkig? Wat het elke student daardie dag (en die daaropvolgende dae) vreedsaam die stappe laat neem wat hulle het? En wat het hulle uiteindelik laat besluit genoeg is genoeg?

Wanneer ons na antwoorde soek, verwys ons amper instinktief na die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet 47 van 1953) wat swart onderwys onder die beheer van die Apartheidsregering geplaas het, asook na die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsonderwys, 1959 (Wet 45 van 1959) wat dit onwettig gemaak het vir jong swart Suid-Afrikaners om tradisionele wit universiteite by te woon.

Hierdie ongelyke onderwysstelsel het verreikende gevolge vir jong swart Suid-Afrikaners ingehou. Hulle is die reg op hoë-gehalte onderrig en opleiding in hul moedertaal ontsê en was basies bestem om net minderwaardige werk en hande-arbeid te verrig. Hulle potensiaal, aspirasies en hoop om bevryding en vir 'n beter, welvarende toekoms het aan skerwe gespat. Hulle het 'n donker toekoms van 'n sukkelbestaan en onderdrukking sonder enige positiewe vooruitsigte in die gesig gestaar.

Dit was natuurlik meer as genoeg rede vir woede. Dit sal egter dwaas wees om aan te neem dat die swart jeug se woede slegs in die toepassing van beleide gewortel was. Volgens my was hulle nie net bekommerd oor dít wat hulle op daardie oomblik geraak het nie, maar ook oor hoe dit hul eie en die geslagte ná hulle se toekoms sou beïnvloed.

Die swart jeug het dekades gelede teen ongelykheid geveg. Vandag se jongmense staar meer as net ongelykheid in die gesig; hulle word oorweldig deur gevoelens van ontoereiktheid, selfhaat en depressie wat nie teen ras, geslag, seksualiteit of geloof diskrimineer nie.

Terwyl ons voorgangers vir toekomssekerheid moes veg, veg ons vandag vir relevansie. Ons vind onself vasgevang in 'n siklus waar ons voortdurend iets moet bewys, terwyl ons probeer ontdek wie ons werklik is in 'n vinnig-veranderende wêreld.

Lees [hier](#) verder wat ***Edward Buys, 'n finalejaar BEd-student aan die Universiteit Stellenbosch** hieroor sê. **Buys is ook 'n lid van die huiskomitee van die Simonsberg-manskoshuis.**

